

WELKOM BY VANOGGEND SE EREDIENS

Sondag, 14 Februarie 2021

EERSTE LYDENSWEEK

09:00 Erediens: Klapmuts:

Ds. Lenois Stander

09:30 Erediens Suider-Paarl:

Dr. André Kilian

Tema: Woestyn besluite

Teks: Markus 1: 9 – 15

Jesus het in daardie selfde tyd van Nasaret in Galilea af gekom, en Hy is deur Johannes in die Jordaan gedoop. Net toe Hy uit die water kom, het Hy die hemel sien oopskeur en die Gees soos 'n duif na Hom toe sien neerdaal. Daar was ook 'n stem uit die hemel: "Jy is my geliefde Seun. Oor Jou verheug Ek My." Net daarna het die Gees Hom weggevat die woestyn in, waar Hy veertig dae lank gebly het en deur die Satan versoek is. Jesus was daar saam met die wilde diere, en die engele het Hom versorg. Nadat Johannes in die tronk opgesluit is, het Jesus na Galilea toe gegaan en die evangelie van God verkondig. Hy het gesê: "Die tyd het aangebreek, en die koninkryk van God het naby gekom. Bekeer julle en glo die evangelie."

Aanlyn diens: Dr. André Kilian

PROGRAM VIR DIE WEEK

Maandag, 15 Februarie

Gemeenteraad Vergadering 18:30



Woensdag, 17 Februarie

ASWOENSDAG

10:00 Bybelstudie

Vrydag, 19 Februarie

05:30 Bybelstudie Mannegroep

VOLGENDE SONDAG

Sondag, 21 Februarie 2021

TWEEDE LYDENSWEEK

NAGMAAL

08:00 Erediens: Suider-Paarl

09:00 Erediens: Klapmuts

09:30 Erediens: Suider-Paarl by Picardie (meer inligting volg in die week)

09:30 SPkidz

#COLLIDE: Hou asb. die jeug groepe dop vir inligting

LYDENSTYD begin met Aswoensdag. Die 40 dae voor Paassondag (wat op Aswoensdag begin) is die oudste fees in die kerk. Dit staan ook bekend as Lent. Die woord "Lent" beteken oorspronklik "om te rek".

In Lydenstyd kyk ons anders na onself en ons lewe vanuit die vergrootglas van die kruis. Dit is 'n tyd vir selfrefleksie, van agterlaat en van prysgee van dit wat ons steeds gevange hou.

Paulus sê: "Ek het my voorgeneem om met julle oor niks anders te praat nie as oor Jesus as die Christus, en wel oor Hom as die gekruisigde" (2 Kor 2:2).

ALMANAK 2021

Almanakke kan by die kerkkantoor afgehaal word en is ook op die webtuiste beskikbaar.

Neem asseblief kennis dat die jaarbeplanning wat op die almanak uiteengesit is, onderhewig is aan COVID-19-inperkingsmaatreëls en aanpassings sal dus waarskynlik deur die loop van die jaar ten opsigte van die aanbieding van eredienste en gemeentebyeenkomste gemaak moet word.

Gewysigde reëlins sal op die gemeente-, jeug- en kinderbediening groepe, sowel as die webtuiste en bulletin, aan lidmate gekommunikeer word.

NUWE LIDMATE wat by die gemeente wil inskakel, is welkom om die kerkkantoor te kontak by 021 863 2700.

Indien u kontakbesonderhede verander, laat weet ons ook asb.

BYBELSTUDIE

WOENSDAE 10:00 TOT 11:00

BOVERTREK

Ons begin volgende Woensdag, 17 Februarie met 'n 6-weke studie getiteld: **You'll get through this** deur **Max Lucado**.

Die reeks gaan oor die verhaal van Josef wat soos óns tans in 'n tyd van onsekerheid en met terugslae geleef het.

Daar is 'n behoefte aan skoolskoene vir minderbevoorregte kinders van alle ouderdomme. Indien u netjiese skoolskoene vir seuns of dogters het, gee dit gerus af by die kerkkantoor.

Dankie by voorbaat!

BAIE DANKIE

Die Gemeenteraad is opreg dankbaar teenoor lidmate wat die gemeente se werksaamhede finansiëel ondersteun, te midde van die finansiële uitdagings wat die Covid-19-pandemie ook aan lidmate stel.

Bydraes kan soos volg gemaak word:

NGK Suider-Paarl,

ABSA Tak: 632005,

Tjekrekening: 740580132



BASAAR

In die lig van die inperkingsmaatreëls wat steeds geld is die Gemeenteraad genoodsaak om 'n besluit rakende die basaar te neem. Met die voortgesette maatreëls rakende sosiale byeenkomste sal die basaar in sy tradisionele vorm nie op die gebruikelike eerste naweek in Maart gehou kan word nie.

Bepanning is reeds aan die gang, onder leiding van Ds. Theo Hay, om kleiner fondsinsamelingsgeleenthede deur die jaar aan te bied. Meer inligting sal deurgegee word op al ons kommunikasie platforms.

Indien u betrokke wil raak by hierdie geleentheid, kontak gerus die kerkkantoor.

1 JOHANNES 4:7-11 AFR83

Geliefdes, ons moet mekaar liefhê, want liefde kom van God, en elkeen wat liefhet, is 'n kind van God en ken God. Wie nie liefhet nie, het geen kennis van God nie, want God is liefde. Hiérin is God se liefde vir ons geopenbaar: sy enigste Seun het Hy na die wêreld toe gestuur sodat ons deur Hom die lewe kan hê. Werklike liefde is dít: nie die liefde wat ons vir God het nie, maar die liefde wat Hy aan ons bewys het deur sy Seun te stuur as versoening vir ons sondes. Geliefdes, as dit is hoe God sy liefde aan ons bewys het, behoort ons mekaar ook lief te hê.

DOOP 2021

Ons kan nou weer voortgaan met doopgeleentheid. Ouers wat hulle kinders wil doop kan gerus die kerkkantoor kontak.

Ons doop die eerste Sondag van elke maand soos aangedui op die kerk se jaarprogram.

HARTLIK GELUK MET JOU VERJAARSDAG!

14 Februarie 2021

Louise Cloete, Heinrich Louw, Lezanne Mouton, Christoff Smit

15 Februarie 2021

Marcel Engelbrecht, Lianka Retief, Jacques Ritter, Adriana Saayman,
Tiaan Van der Merwe, André van Wyk

16 Februarie 2021

Elmaréza Bester, Mundie Grové, Kelly-Ann Jacobs, Anita Kemp,
Eloïse Opperman, Dirco Rautenbach, Loretta Strydom,
Karen Terblanche, Leane Troskie, Daniël Van Rooyen, Cara Visagie

17 Februarie 2021

Meeca Abrahams, Annemie Du Plessis, Willem Roodman, Isak Swanepoel,
Franja Visser

18 Februarie 2021

Santa Le Roux, Tol Malherbe, Karl Rabe, Miemie Walden, Jaryn Willemse

19 Februarie 2021

Jani Barry, Ankia Human, Kobus Theron, Patricia Van Wyk

20 Februarie 2021

Lieke Dale, Fiona Davids, Errol Howes, Gershom Pieters, Thomas Wiersma

**‘Die liefde is soos die weduwee se kruik, wat vol bly
selfs al sou jy dit gebruik;
dit is die goeters wat jy weggee wat jou ryk maak, dit is
daarmee wat jy mense om jou raak
Liefde se som en wins is omgekeerd
Wat sal jou liefde beteken as jy dit nie
gaan gebruik nie?’**

Uit: Die weduwee se kruik, Lucas Maree

GELUKKIGE VALENTYNSDAG!